

Eksperiment en intertekstualiteit in *Niggie*

Marisa Botha & Helize van Vuuren

Opsomming

Hierdie artikel fokus op die kreatiewe verwerking van Anglo-Boereoorlog materiaal in Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002) met spesifieke verwysing na die *Oorlogsdagboek* van Jan F.E. Celliers, 1899-1902 (1978). Uit die jukstaponering van een tydsgewrig teenoor 'n ander (die twintigste eeu versus die een-en-twintigste eeu) ontstaan 'n ideologiese onderlaag van ironiese kommentaar op sowel die Suid-Afrikaanse verlede as die hede. Onderwerpe onder diskussie sluit in die intervensiedebat, die evolusiedebatte, die rol van die intellektueel onder eenvoudige mense, rassekwessies en die teorie dat die karakter Japie Stilgemoed, in *Niggie*, eintlik op die digter Jan F.E. Celliers gebaseer is.

Summary

This article focuses on the creative adaptation of Anglo-Boer-War material in Ingrid Winterbach's *Niggie* [Cousin] (2002) with specific reference to the *Oorlogsdagboek* van Jan F.E. Celliers, 1899-1902 [War Diary of Jan F.E. Celliers, 1899-1902] (1978). A fascinating substratum of ironic commentary arises as an extra dimension in the novel as a result of the subtly suggested comparison of South African issues and perspectives a century ago with the post-1994 South Africa concerns. Topics to be discussed are the intervention debate, the evolution debates, the role of the intellectual amidst less educated people, racial issues and the theory that the character Japie Stilgemoed, in *Niggie*, is actually based on the poet Jan F.E. Celliers.

Inleidend

Niggie is 'n subtiële en komplekse teks maar bowenal is dit 'n estetiese roman oor die “einde van die tye” vir Afrikaners en Afrikaans. Baie literatore het die toekenning van die prys bevraagteken, omdat hul voel dat *Eilande* (2002) van Dan Sleigh dit moes gewen het (sien byvoorbeeld Abraham H. de Vries 2004, en Theunis Engelbrecht 2004). Dié bevraagtekening kan geïnterpreteer word as bevraagtekening van die status van die estetiese, verwikkelde roman, met hoër waardering vir die meer toeganklike teks met 'n hoër mate van mimesis.

Eilande bied 'n reeks opeenvolgende “vertellings uit die geskiedenis” in realistiese styl. Die impak van die roman lê in die uitgebreide historiese minutiae in die teks, en die uitbeelding van historiese figure teen die

agtergrond van 'n tot-lewe-verwekte sewentiende eeu, nié op die vlak van enige vernuwende narratologiese eksperimentering nie. Hierteenoor is die historiese boustof in *Niggie* die “doek” waarop geëksperimenteer word met taal, verteltegnieke, humor, en intertekstualiteit.

Philip John (2004: 42) merk tereg op dat *Niggie* (2002), in teenstelling met *Eilande* (2002), 'n teks is wat

die maksimum (kreatiewe) weerstand bied teen tendense in die hedendaagse werklikheid wat die vryheid van Afrikaanse kreatiwiteit beperk en inperk, en poog om Afrikaans ondergeskik te stel aan die diktate van die rasionalisme, die mark en naakte, sielloose kommersialisme.

(John 2004: 42)

Winterbach lewer in *Niggie* implisiete kommentaar op die hede en verlede: “Die oorlog wat op die periferie van die gegewens in die boek plaasvind en die ontnugtering en gehawendheid van die karakters, kan ook as metafoor vir vandag gelees word”, en: “daar is ook afleidings te maak oor die stemlose swart karakters: hetsy as ironie of ideologie” (Nieuwoudt 2002: 4). Die rol van die swart karakters staan ook sentraal: “Die roman demonstreer verder die ongemaklike posisie wat die inheemse bevolkings tydens die oorlog ingeneem het” (Viljoen 2003).

Die hele spektrum van Afrikanerrolle in die oorlog word gereflekteer in die roman: “Daar is bittereinders, die vertwyfeldes, die koggelaars, die weemoediges, die gelowiges. Geeneen staan egter in 'n sentrale, tiperende posisie nie. Die mosaïek van Afrikanerskap is bont” (Venter 2002: 7). Winterbach gebruik argetipes soos die harde vloeker (Gert Smal), die meestal stilswyende filosoof (Japie Stilgemoed), die godsdienstige predikant (Kosie Rijpma), die man van aksie (generaal Bergh), die swak leier (kommandant Servaas Senekal), die wetenskaplike (Ben en Reitz) en trieksters (byvoorbeeld Oompie, Esegïël, Seun en Niggie) om rolle in die samelewing uit te beeld. Hierdie argetipes word egter op so 'n wyse uitgebeeld (byvoorbeeld Smal as verraderlike, godsdienstige dweper en daggaroker en Senekal (2002: 17) met sy “swakheid vir vrouevlees en enige gepaardgaande vorm van beneweling: hetsy uit die bottel, óf aan die hand van die kruid – tabak of andersins”) dat dit as tegniek netjies aansluit by Christoffel Coetzee se roman, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998), waar hy deur sy vertelling van die wraakkommando's die heldhaftige, vleklose ideologie rondom die Anglo-Boereoorlog ontluister.

Gunther Pakendorf bring die karakters in verband met die hedendaagse samelewing: “Hier word die historiese gebeure 'n metafoor vir die hede en die groepie Boere, die gelowiges en grootdoeneriges, die agterlikes en

agterbakses, én hulle agterryers word 'n mikrokosmos van die Afrikaners van vandag" (2002).

In Reitz se pogings om met sy oorlede vrou vrede te maak in die skaduryk van die dood, of ten minste die ruimte tussen die wêreld van die lewendes en die wêreld van die dooies te betree, word daar kreatief ingespeel op Klaas Steytler se *Ons oorlog* (2000), waar Niemand met sy moeder probeer vrede maak. In Steytler se roman betree Niemand egter werklik die doderyk en vaar oor die Swart Rivier na die anderkantste oewer.

Die rivier is simbolies van die rivier tussen die lewe en die dood, Hades, wat Steytler in *Ons oorlog* (2000) die Swart Rivier noem. Oompie se waarskuwing dat die dooies eerder met rus gelaat moet word, blyk ná dié episodes geldig te wees.

Die unieke van Steytler se teks wat in *Niggie* ook neerslag vind, is die betreding (soos in *Ons oorlog*) of bloot die poging tot kontak met 'n geliefde (soos in *Niggie*) in die doderyk om versoening te bewerkstellig. In beide hierdie romans kry hierdie proses 'n psigoanalitiese aspek soos die karakters nie net die doderyk of skaduryk betree nie, maar terselfdertyd hul binnekamer om die gebeure van die verlede met die hede te versoen.

Hier is sprake van uitgebreide tegniese eksperimentering, soos die taalgebruik (veral Abraham se voortbrengsels), die argivale bestekopname van Afrikaans as taal, die enigmatiese trieksterfigure (veral die vrou met die verehoedjie), die feministiese inslag (waar die vroue deurentyd in die mans se gedagtes teenwoordig is tot hul uiteindelik self 'n spreekbeurt kry) en die gebruik van intertekstualiteit, hetsy resente tekste soos dié van Coetzee en Steytler of Anglo-Boereoorlogtekste soos die oorlogsdagboek van Celliers.

Die term intertekstualiteit word in die hedendaagse literatuurstudie gebruik om aan te dui dat 'n literêre teks tussen ander tekste geplaas is en dat daar in die proses dikwels daarna terugverwys word. Die teks word geplaas in die genretradisie van generiese intertekstualiteit of dit verwys na ander tekste deur tegniese soos parodie, allusie en sitaat (Van Gorp, Ghesquiere & Delabastita 1998: 221-222).

Daar is hoofsaaklik drie benaderings tot hierdie tipe studie. Die eerste intertekstuele benadering (soos gebruik word in die vergelykende literatuurstudie en in die literatuurgeskiedenis) word onderskei van 'n tweede (intra-) tekstuele benadering (wat beperk is tot die bestudeerde teks soos in die literatuurkritiek) en van 'n derde kontekstuele benadering vanuit 'n maatskaplike konteks. In hierdie artikel word intertekstualiteit hoofsaaklik benader vanuit 'n intertekstuele invalshoek soos gebruik word in die vergelykende literatuurstudie.

In die teoretiese besinning oor intertekstualiteit, geïnspireer deur Mikhail Bakhtin, word die onderhawige teks beskou as ingeskryf in die kader van

ander tekste. Winterbach se *Niggie* verkry “gelaagdheid” en meerduidigheid uit hierdie kreatiewe gebruik van intertekstualiteit.

Op die spore van Bakhtin, gebruik Kristeva die begrip intertekstualiteit (Latyn “inter” beteken “tussen”) in *Sémiotiké* (1969: 146): “tout texte se construit comme mosaïque de citations, tout texte est absorption et transformation d’un autre texte. À la place de la notion d’intersubjectivité s’installe celle d’intertextualité”. Sy benader die literêre werk as teks vanuit ’n semiotiese hoek en sien literatuur as ’n netwerk van interrelasies waarin die verskillende tekste as tekens fungeer wat na mekaar verwys. Maar die begrip teks is vir haar nie net beperk tot talige tekens nie. Sy merk op: Die konsep van teks as ideologeem bepaal uitermate die prosedure van ’n semiotiek wat, deur die bestudering van die teks as intertekstualiteit, beskou word as sulks binne (die teks van) die samelewing en geskiedenis (1980: 37).

In die semiotiek word intertekstualiteit ruimer toegepas. Alle diskoerse of kennisvelde wat die mens omring, word as “teks” beskou, soos kultuur, politiek, geskiedenis ensovoorts. Die literêre teks word teenoor hierdie ander tekste geplaas (Van Gorp et al. 1998: 222). Hierdie teksgebeure word beskou as ’n weefproses (Latyn “textus” = weefsel) waarby elke betekenis in ander betekenis ingewef word. Die teks se betekenis word verkry uit die verskillende kulturele kodes waarna dit verwys. Die geheel van kodes wat die kultuur uitmaak, is op ’n gelykwaardige manier ineengestrem tot ’n tekstuur. Na hierdie weefsel, wat onder andere opgemaak is deur die letterkunde, politiek en wetenskap, word verwys as die “Boek der Cultuur” (Van Gorp et al. 1998: 222).

Dit is in hierdie opsig dat Celliers se dagboek (1978, heruitgawe 2000) wat ongeveer die hele periode van die oorlog dek, tussen 28 Oktober 1899 en 17 Julie 1902, van belang is. Celliers bied ’n “romantisering van die lewe in die veld” (Van Vuuren 2002: 96) en dié siening van die oorlog verskil drasties van die een wat Winterbach in *Niggie* bied.

Laurent Jenny wys op die belangrikheid van intertekstualiteit in die literêre gemeenskap. Hy maak die stelling dat sonder intertekstualiteit ’n literêre werk eenvoudig onverstaanbaar sal wees, soos ’n gesprek in ’n taal wat mens nog nie aangeleer het nie. Ons begryp die betekenis en struktuur van ’n literêre werk slegs deur die verhouding daarvan tot argetipes wat self afkomstig is uit ’n lang reeks tekste waarvan hulle die invariante is (1982: 34).

Jenny merk op dat intertekstualiteit gekenmerk word deurdat dit ’n nuwe manier van lees voorstel wat die liniariteit van die teks vernietig (1982: 44). Dit is van belang omdat elke intertekstuele verwysing ’n geleentheid skep vir ’n alternatief. ’n Mens kan óf aanhou lees en die segment aanvaar soos enige ander óf na die bronteks terugverwys en sodoende ’n soort van

intellektuele anamnesis uitvoer waar die intertekstuele verwysing soos 'n paradigmatische element optree (1982: 44). Jenny noem dat die alternatief net beskikbaar is vir die analiseerder, aangesien twee prosesse gelyktydig plaasvind: "These two processes really operate simultaneously in intertextual reading and in discourse – studding the text with bifurcations that gradually expand its semantic space" (1982: 44-45).

Volgens Michael Worton en Judith Still impliseer intertekstualiteit dat 'n teks (in die nouer betekenis daarvan) nie 'n hermetiese bestaan kan voer of self-onderhoudend kan wees nie en daarom funksioneer dit nie as 'n geslote sisteem nie (1990: 1). Dit gebeur eerstens omdat die leser 'n leser van tekste is, voordat hy/sy 'n skepper van tekste is en dit het tot gevolg dat die kunswerk onafwendbaar deurdring word met verwysings, aanhalings en invloede van elke soort denkbaar. Ten tweede is 'n teks slegs beskikbaar deur 'n leesproses. Dit wat voortspruit uit die leeshandeling is te wyte aan die kruisbestuiwing van die verpakte tekstuele materiaal van al die tekste wat 'n leser te berde bring. 'n Subtile verwysing na 'n werk wat onbekend is aan die leser, en gevolglik onopgemerk gaan, sal 'n sluimerende bestaan voer in daardie leesproses. Aan die ander kant sal 'n leser se ervaring van 'n praktyk of teorie, onbekend aan die skrywer, lei tot 'n vars interpretasie van die teks (1990: 1-2).

Die rol van intertekstualiteit is slegs een faset van die interpretasie van 'n teks. Umberto Eco wys daarop dat die skrywer verantwoordelik is vir die oordra van sy of haar boodskap. Dit word bewerkstellig deur kommunikasie tussen die leser en die teks, waarby die skrywer veronderstel dat die geheel van kodes waarop hy staatmaak, dieselfde is as die wat hy met sy moontlike leser deel. Die outeur moet gevolglik bedag wees op 'n model van die moontlike leser (1979: 7). Die leser is streng gedefinieer deur die leksikon en die sintaktiese organisasie van die teks. Die teks is niks anders as die semanties-pragmatiese produk van haar eie Model Leser nie (Eco 1979: 10). Gevolglik is dit noodsaaklik dat die leser die nodige agtergrondkennis van die roman se tema het. In die geval van Winterbach moet die leser verkieslik Afrikaanssprekend wees en oor die nodige geskiedkundige kennis van Suid-Afrika beskik. 'n Griek in Kreta sal nie 'n ideale leser vir haar werk wees nie, al word die teks vertaal omdat dié leser nie oor die nodige agtergrondkennis beskik nie.

Eco sluit aan by Kristeva, Jenny, Worton en Still met sy uitspraak dat die leser die teks met intertekstuele betekenis laai uit sy of haar ondervinding met ander tekste. Intertekstuele kennis kan beskou word as 'n spesiale geval van oorkodering wat intertekstuele raamwerke bewerkstellig (1979: 21).

Die Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902 (1978) as interteks van Niggie (2002)

Daar is verskeie tekstuele leidrade of heenwysers in Winterbach se postmodernistiese historiese roman na Celliers se Anglo-Boereoorlog-dagboek. Die opvallendste is sekerlik die debatte wat deur die kommando-lede in beide tekste gevoer word om die eentonigheid van 'n lewe in die veld te verlig. Veral hierdie aspek van intertekstualiteit in *Niggie* suggereer 'n representasie van die geskiedenis wat skerp verskil van die beeld in Celliers se teks. Die skerp verskille is merkbaar veral betreffende die aard van Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge (die “naturellekwessie”). Tog is daar merkwaardige ooreenkomste tussen toe en nou, in die botsende sienings van die twee kampe in die evolusiedebat: simplistiese, beperkte sienings by die “gewone” onopgevoede burger, teenoor die intellektuele se instellings en begrip.

Die intervensiedebat

In Celliers se dagboek word die leser op 8 Maart 1901 meegedeel dat 'n debatsvereniging daargestel is en dat die debat sal gaan oor die vraag: “Is vreemde interventie, ter wille van de vrede wenschlijk of niet?” (1978: 219). Die uitslag was geen intervensie nie maar volharding in die stryd tot die einde toe (1978: 219). Hierdie uitslag dui op die sterk patriotisme onder die manskappe, maar Celliers het gelyk in sy opmerking dat meer mense ten gunste van intervensie sou stem “indien de term *interventie* door allen begrepen was” (1978: 219). Celliers se kommentaar werp lig op die rol van die intellektueel op kommando en gevolglik ook op die posisie van die meerderheid van onopgevoede mense. In *Niggie* vertel Japie Stilgemoed van 'n identiese debat wat hulle gehad het oor “die wesenlikheid van intervensie ter wille van die vrede” (2002: 63).¹ Die uitslag daarvan en Japie se kommentaar daarop was: “geen intervensie – ons volhard in die stryd tot die einde toe. Oftewel ek my twyfels gehad het of veel van die burgers begryp het wat presies met intervensie bedoel word – al het hulle daarteen gestem” (p. 63). Hierdie intertekstuele verwysings beklemtoon die aard van oorlogvoering (lang ledige ure van verveling in die veld, tussen gevegte), en die eenvoudige, onontwikkelde aard en denkwyses van baie van die boerevegters, mét daarnaas ontwikkelde, intellektuele mense tussenin, soos Celliers en Totius. Hierdie gedetailleerde inligting oor die aard van oorlog

1. Vervolgens word alle verwysings na *Niggie* slegs deur bladsynommers aangedui.

en die natuur van die strydery het ook te make met die veranderde en verhelderende geskiedenisbeeld wat historici soos veral Fransjohan Pretorius 'n eeu of wat na die oorlog deur intensiewe navorsing na vore gebring het.

Wetenskaplike en ideologiese debatte oor evolusie

In *Niggie* word Reitz en Ben, die twee wetenskaplikes in die groep, deur generaal Bergh versoek om elk 'n lesing te hou oor hul studieveld, geologie en natuurhistoriese onderskeidlik. Dié versoek is egter 'n opdrag wat moontlik hul toekoms sal bepaal, aangesien die agterdogtige groep reeds vermoed dat hul drosters is. Hierdie debatte illustreer die posisie van die intellektueel tussen eenvoudige mense op kommando. Celliers het soortgelyke ondervindings gehad waar hy deur die ander kommandoede anders behandel is weens sy geleerdheid.

Reitz is eerste aan die beurt en verduidelik dat die geologie “die geskiedenis van die aarde bestudeer” (p. 138). Hy maak die stelling: “'n Studie van die hede ... gee ons die sleutel om die geheimenisse van die verlede oop te sluit” (p. 139). Hy verwys in dié opsig na geologie, maar dit kan ook van toepassing wees op rasseverhoudings en politiek. Winterbach lewer immers deur haar roman kommentaar op die hede en gebruik dit as 'n metafoor vir die toekoms.

In Reitz se geologielesing val veral generaal Bergh se kommando hom moedswillig in die rede met Bybelse gebeure soos die vloed waarvoor Noag die ark gebou het (p. 141) en probeer hom daardeur van stryk bring. Rooi Herman, die slinksste en venynigste van die lot, probeer Reitz uitvang: “Hoe oud sou julle sê is die aarde nou éintlik, neef?” (p. 142). Reitz antwoord op uitvoerige wetenskaplike wyse: “Die oudste geologiese tydperk ... word geskat op meer as vierduisend miljoen jaar gelede” (p. 142). Ná die uitspraak bars algehele ontsteltenis los. Rooi Herman roep: “[N]ou praat jy kák, neef” (p. 142), maar dit is Willem wat eerste dié uitspraak aan sy geloof koppel: “Dit strook nie met die Bybel nie” (p. 142). Deneys Reitz se kommentaar dat daar onder die Gereformeerdes die uiterste vroomheid merkbaar was, sluit goed aan by dié situasie waarin die wetenskaplike Reitz hom bevind: “[T]hey held strange views on many things” ([1929]1932: 159). Uit die reaksie op Reitz se lesing is dit duidelik dat enige bewerings wat nie in die Bybel bevestig word nie, volgens die ander strydery gods-lasterlik en vals is.

Ben is tweede aan die beurt met sy lesing oor natuurhistoriese, maar net soos met Reitz koppel dié gehoor van opstokers en eenvoudige mense al sy bewerings en feite aan hul Bybelkennis. Ben se eerste tree in die afgrond af

is met sy bewering dat die mens deel van die diereryk is en “ingedeel [word] onder die klas soogdier en die orde primate” (p. 143). Van hier af begin ’n intense debat oor die evolusie van die mens. Ben se wetenskaplike bewerings is teenstrydig met hul godsdienstige opvattinge.

Die bespreking begin met Gif Luttig wat dreigend aanhaal dat die “Bybel sê dat die mens die kroon van die skepping is” (p. 144). Dié stelling word beaam deur sy makkers en alhoewel Ben probeer om te verduidelik hoe alle diere oor eeue aanpas by hul omstandighede, wil hulle nie daaraan gehoor gee nie. Ben gebruik die voorbeeld van die voorloper van vandag se perd – *Eohippus* – wat ’n “paar miljoen jaar gelede so groot soos ’n kleinerige hond was” (p. 144), ter ondersteuning van sy standpunt. Sy gehoor bars uit van die lag en Sagrys Skeel spot hom: “As jou perd se oupa so groot soos ’n hond was, is dit jóú probleem, nie myne nie!” (p. 145). Uit die skertsende opmerking, soos vele ander plekke in dié roman, blyk Winterbach se sin vir humor.

Ben se probleme ken ook geen einde nie, want hierná betrek hulle die ark en ander Bybelse gebeure om hul standpunt te staaf. Willem, die diep gelowige onder hulle, spreek Ben direk en ontsteld aan: “Wat jy nou beweer, neef, is strydig met die Bybel. Want soos God die mens en die dier geskep het, so het hulle onveranderd gebly. Dit leer die Bybel ons” (p. 146). Ben probeer verduidelik dat daar intussen nuwe kennis bygekom het. Die karakter oom Honne verwoord die algemene opvatting van mense in die begin van die twintigste eeu: “Moenie laat die kêrel ons vandag hier om die bos lei nie, met sy uitlandse bogpraatjies nie” (p. 147).

Ben se populariteit onder die manskappe ondervind ’n knou ná hy die omstrede opmerking maak oor die mens se evolusie. Rooi Herman se antwoord hierop is van besondere belang aangesien dit die algemene sienswyse van daardie tyd weerspieël waarin mense wat aan evolusie glo as godslasterlik beskou is en uitgestoot is uit die gemeenskap van godsdienstiges: “Jy gaan sê die mens was eers ’n aap! *Ek het gehoor daarvan, ek ken jou soort*” (p. 148; ons kursivering).

Ben se lesing bereik ’n algehele laagtepunt met oom Mannes se opstokende opmerking: “Die volgende ding wat jy seker vir my gaan sê, neef, is dat ek gelyk is aan ’n Kaffer” (p. 149). Ben het teen dié tyd alle voorneme om versigtig met dié gehoor se geloofstelsel om te gaan, laat vaar: “[J]a, ek is daar oortuig van dat wit en swart wat aangebore vermoëns betref, gelyk is” (p. 150). Die generaal betree vir die eerste maal die gesprek, net om hulle stil te maak met die voorneme dat daar op ’n ander geleentheid “gedebatteer” (p. 150) sal word oor die “Naturellekwessie” (p. 150). Dié fyn gekose woorde eggo uit Celliers se dagboek oor die debat wat hy ten gunste van die naturel in die “Naturellekwessie” gevoer het.

Winterbach se gebruik van hierdie raspejoratief sou in enige konteks skokkend wees, maar die effek van hierdie vernederende benaming in 'n roman soos *Niggie*, waar die verhaal tydens die Anglo-Boereoorlog afspeel, is dubbel so erg. Die rede hiervoor is die implisiete parallelle wat getrek word tussen die hede en die verlede waar die witmense, veral Afrikaanssprekendes, streng apart en meerderwaardig teenoor swartmense geposisioneer was.

Die ander karakters is so ontstoke dat hul rassistiese aantygings maak soos “[a]s my perd kon praat, was hy slimmer as ’n Kaffer” (p. 150) en Swartpeet Petoors wat dié bewering as erger as die evolusie een beskou: “Die ander kak kon ek nog voor lag, maar nou gaan jy te ver” (p. 150). Selfs Willem neem deel aan die gesprek en verwys na die Bybel: “’n Skepsel – so staan dit in die Bybel, maar nie bedoel om die Witman se gelyke te wees nie!” (p. 150).

Uit die humoristiese reaksies van die karakters op die “nuwe” idees en insigte van die wetenskaplikes voer die skrywer die leser terug na ’n verbygegane era. Die humor wat uit die karakters se kommentaar blyk, verlig hierdie netelige saak.

Volgens Fransjohan Pretorius het die onderskeid wat die “blankes aan die Kaap tussen die begrippe ‘Christen’ en ‘heiden’ getref het ... gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu al meer sinoniem geword met die onderskeid tussen die begrippe ‘blank’ en ‘gekleurd’” (1999: 282). Gekleurdes is mettertyd “schepsels” genoem – van God geskape, maar nie mense nie (Van Jaarsveld 1962: 233).

Daar is slegs twee lede van die geselskap wat luidkeels met Ben saamstem: Kosie Rijpma en Japie Stilgemoed. Kosie verklaar onomwonde dat “Witman en Kaffer nie net voor God gelyk is nie, maar ook op alle ander vlakke” (p. 150) en Japie merk op dat die “Naturel wel ’n groot agterstand het om in te haal, maar nog nie die kans gegun is om dit te doen nie” (p. 150). Op ’n latere stadium gee Jannie Neethling sy siening weer: “Die Bybel is lank nie meer ons enigste bron van kennis nie – wat nie beteken dat ons die Bybel minag nie” (pp. 151-152).

Swartpeet Petoors reduceer die “Naturellekwessie” tot die “Kafferkwessie” (p. 151) en verklaar onomwonde: “As dit is wat geleerdheid bring, dan bly hy liewer ongeleerd” (p. 151). Op dié hoë noot koppel die kommando hul geloof in God en hul geloof in hul stryd aan mekaar en verklaar: “Dat hulle as Christene en waardige strydere dit moet aanhoor” (p. 151), “as Christene sou ons ons vaderlandse plig versuim as ons nie sterk teenkanting maak teen hierdie heidense verdraaiings nie” (p. 151) en “[b]yderwetse nonsens ... [v]olksondermynende liegstories” (p. 151). Hieruit blyk dat etniese mobilisasie na vore getree het deur middel van Afrikanernasionalisme.

Dié groep sit hul rassistiese en diskriminerende tirade voort met aanhalings uit die Bybel waar daar gepraat word van rein en onrein diere (2002: 151) en hulle laat nie na om melding te maak van die bekende en infame regverdiging vir hul vooroordeel nie: “[D]ie Bybel praat uitdruklik van die geslag van Gam – die waterdraers en die houthakkers” (p. 151). Dié paradigma word op ironiese wyse herhaal in Esegiël se pligte wat, onder andere, “water haal, hout kap” (p. 59) insluit.

Die praatjies word op so ’n wyse gemanipuleer dat dié groep Ben en Reitz se insigte verdraai tot die punt waar hulle vir die oorlog geblameer word: “Volksvreemde, verraderlike, uitlandse kak ... en almal weet waar die uitlandse gemors ons laat beland het” (p. 152). Ben en Reitz besef dat hulle “vandag ’n paar vyande gemaak het” (p. 153) en dat hulle nou sekerlik as “volksverraaiers” (p. 153) beskou word. Uit hierdie opmerkings blyk dit duidelik dat by die Afrikaner godsdiens en nasionalisme heg verweef is.

Die generaal se enigste kommentaar op hulle lesings is dat hy “van plan [is] om kort voor lank van hulle kundigheid in die veld gebruik te maak” (p. 153). Dié enigmatiese stelling is ’n moontlike voorafskaduwing van die lokval waarin Ben en Reitz byna sterf, aangesien dit kristalhelder is dat die oorgrote meerderheid van die groep nie saamgestem het met dié twee se moderne wetenskaplike teorieë nie.

Later dieselfde aand lees Willem eers Genesis 1 en 2 tot by vers drie (p. 154): “God wat die sewende dag geseën en dit geheilig het, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het”. Willem herlees verse ses- en sewe-en-twintig van Genesis 1 met groter nadruk: God wat gesê het laat daar mense na sy beeld gemaak word, na sy gelykenis, wat sal heers oor ... die hele aarde” (p. 154).

Daarna lees hy uit Job 38 en 39 om te bewys dat die Here alles gemaak het, insluitend die mens. Die Here antwoord Job uit ’n storm en vra hom (p. 154) waar hy was “toe Hy die aarde gegrond het ... [w]ie verwek die doudruppels, uit wie se moederskoot kom die ys te voorskyn, wie baar die ryp van die hemel?” Hy benadruk sy punt verder deur te verwys na die Sewester en hemelliggame en ten slotte lees hy dat God aan Job vra of hy die wette van die hemel ken. Dit is ’n duidelike aanval op Ben en Reitz se wetenskaplike idees wat bots met Willem en die meeste van die ander se kennis van die Bybel. Hier is ’n voorbeeld van die onbenydenswaardige posisie waarin die geleerde persoon homself op kommando tussen eenvoudiger mense bevind het.

Die “Naturellekwessie”

Waarskynlik word die algemene houding van die burger op kommando teenoor swartmense die beste weerspieël deur die toespraak van Jan F.E. Celliers tydens ’n debat by Tafelkop in Wes-Transvaal op 14 Maart 1901. Pretorius merk tereg op dat dié debat “nie alleen ... sy [Celliers se] simpatieke en minderheidstandpunt teenoor die swartman weer[gee] nie [hy kon slegs ses stemme daarvoor trek], maar dit dui op die naakte rassisme van die oorweldigende meerderheid burgers in die debat, en waarskynlik ook daarbuite” ([1991]1999: 284). Die debatsonderwerp was “Wordt de Kaffer recht behandeld, moet hij meer of minder voorrechten genieten?” Celliers moes die saak vir swartmense verdedig (1978: 220-222).

Celliers het in sy oorspronklike dagboek die term “kafferkwessie” gebruik, maar teen die tyd dat dit in 1978 gepubliseer is, was daar reeds ’n groeiende afsku van dié rassistiese term. Dit is gevolglik vervang en versag met die term “naturellekwessie” wat nie voor die 1970’s bestaan het nie. Dié terminologie is maar een van die maniere waarop die ideologiese sienings gewysig word om beter in te pas in die eietydse samelewing. Winterbach is vanuit die staanspoor in *Niggie* besig om ’n argief te maak van taboeoorde wat uit die Afrikaanse taal gekrap is. Wanneer sy Celliers se debat in Afrikaans aanhaal, gebruik sy eers die term “naturellekwessie”, maar kort daarna word dit gereduseer tot die “kafferkwessie”.

Dit is betekenisvol dat Celliers sy betoog begin het met die uitspraak dat hy glo dat almal dit eens is dat die swartman tot die menslike geslag behoort (1978: 221), dat die tydgenootlike wetgewing nie aan swartmense algehele vryheid gun nie (1978: 221) en dat die billike behandeling van ’n mens hierop neerkom: dat dit hom vergun word om vry sy geluk op sy eie manier te vind, mits die algemene welvaart van ’n welgeordende maatskappy nie deur sy lewenswyse verdrag of verstoor word nie.

Celliers het voortgegaan deur daarop te wys dat die wetgewing van die ZAR nie die swartman die vryheid vergun om sy geluk op sy eie manier te vind nie, veral nie wat burgerlike en politieke regte betref wat hy nie in gelyke mate as die witman geniet nie. Die wetgewing was vir Celliers wel aanvaarbaar, “omdat de Kaffer op den ladder van beschaving en vooruitgang nog zo ver beneden ons staat, omdat de toestaan van zulke rechten en zooveel vrijheid wèl zou leiden tot schade voor de maatschappij”. Maar, poneer hy, dit is helaas nie die hoofmotief van die wetgewing nie. Die hoofmotief is om “den Kaffer uit onze politieke en maatschappelijke zamenleving geheel weg te schuiven, uit den weg te drukken” (1978: 222). En dit, verklaar Celliers, is “*zedelijk verkeerd en onbillijk*” (1978: 221). Dit is wel so dat die Afrikaners se behandeling “van den Naturel gunstig” en selfs beskaafd is, in vergelyking met ander lande se beleid, is dit omdat ons

land so groot is en daar nog soveel ruimte vir almal is en daarom “[hindert] de Kaffer ... ons betrekkelijk nog zoo weinig” (1978: 221).

Maar tog, vra Celliers, het die wette wat tot dusver gemaak is ’n ander doel as die witmens se welvaart en beskerming teen leeglopende en rowende swartmense? Kan sy teenstanders hom één wet noem wat maar in die minste bereken is op die welvaart of ten bate van die swartman self en nie die beginsel van eie belang van die witmense ten grondslag het nie? Wie sal beweer, vra hy sy teenstanders af, dat hierdie beheer oor die swartmense met enige ander doel geskied as “om de oudste en oorspronkelijke bewoners van dit land op zij te drukken ... opdat de toekomst van dit land bewaard blijve voor ons en ons nageslacht, opdat wij daar op onze wijze gelukkig leven” (1978: 221)? Alhoewel daar geargumenteer kan word dat die swartmense nie die oorspronklike en oudste bewoners is nie, maar wel die San, was die swartmense lank voor die witmense bewoners in Afrika.

Nee, voer Celliers aan, die witmense wil die swartmense as faktor soveel moontlik elimineer en dit ter wille van selfbehoud. En terloops, waar trek mens die lyn tussen selfbehoud en selfsug? “Mijne heeren”, het hy sy betoog afgesluit,

laten wij eerlijk zijn, laten wij onze handelwijze noemen *voorzichtigheid*, noem het zelfbehoud, noem het kansberekening om de heft in handen te blijven [houden] voor ons en ons nageslacht, noem het een uitoefening van het recht van den sterkste, noem het *bezigheid*, maar geef het niet den naam van inschikkelijkheid, van menschlievendheid, van *billijkheid*.

(Celliers 1978: 221)

Volgens Celliers het geen argument van sy teenstander tot die kern deurgedring of sy bewering oor die witmense se politiek van eiebelang ontken nie. Die opponente het hulself in hul redevoerings meestal beperk tot die bedreiging wat enkele geleerde swartmense vir die witmense ingehou het. Die argumente het Celliers gesterk in sy oortuiging dat die witmens blindelings die beginsels van geweld teenoor en uitsluiting van swartmense huldig. Dit is ook van belang dat alhoewel Celliers aangesê was om ten gunste van swartmense te debatteer, hy dit oortuigend doen en dit wys dat nie alle witmense (soos gereeld gestereotipeer word) rassisties opgetree het in die verlede nie.

Japie Stilgemoed vertel van ’n debat wat hulle gehad het oor die “Naturellekwessie” (p. 63). Hy is gevra “om die posisie van die Naturel te verdedig” (p. 63). Japie sit uitvoerig sy argumente sowel as die teenargumente uiteen, net soos Celliers dit gedoen het. Nodeloos om te sê, sê hy met die sweem van ’n glimlaggie, “is daar met ’n daverende en onbetwisbare meerderheid téén my standpunt gestem” (p. 63). Reitz vra: “Waarom vra ons nie vir Esegïel wat hy dink van die Naturellekwessie nie?” (p. 63)

en Ben antwoord onderlangs, “omdat Esegiël nie weet hy is ’n Naturel nie” (p. 63). Hier word ’n interessante punt deur Winterbach gemaak, want indien ’n persoon uit die staanspoor op ’n bepaalde manier behandel word en nie kontak met ander van dieselfde ras het nie – soos Esegiël – dan beskou daardie persoon hulself nie volgens ander se stereotipiese persepsie van hulle nie. Esegiël is “hans grootgemaak ... hy het nooit sy eie mense geken nie” (2002: 48). Dié rassistiese opmerking van Smal degenereer Esegiël van ’n mens tot ’n dier.

Doofheid as gemene faktor in Celliers en Japie Stilgemoed se lewens

Celliers se stokdoofheid het hom klaarblyklik minder geskik gemaak as ’n bruikbare soldaat in gevegsituasies. Hy het ook nooit aan ’n veldtog deelgeneem nie: nie omdat hy nie wou nie, maar gewoon omdat hy daarvan weerhou is deur die gesagvoerders, wat hom weens sy gebrek waarskynlik eerder as ’n gevaar in ’n gevegsone beskou het. Sy doofheid het hom egter op ’n persoonlike vlak nog meer gekniehalter: “Door een lichaamsgebrek en door natuurlike neiging zoek ik liefst mijn levenspaadjie in stilte en eenzaamheid” (1978: 47). In *Niggie* word daar verwys na die “hardhorende Japie Stilgemoed” (p. 56) en die “halfdowe Japie Stilgemoed” (p. 59). Stilgemoed is ook net soos Celliers nie as ’n bruikbare soldaat gesien nie, want hy bevind homself in ’n kamp vir gevegsongeskiktes. Dié gegewens is ’n duidelike leidraad dat die karakter Japie op Celliers geskoei is. In Gert Smal se kamp word die mans egter moeg vir sy stories (vgl. byvoorbeeld pp. 81-82), wat moontlik ook die geval met Celliers was in die meerderheid groepe waarin hy hom bevind het.

Aangesien Celliers nie aan veldtogte kan deelneem nie, benut hy sy tyd vir navorsing deur “exemplare van versteeninge” (1978: 96) te soek. Dié soeke na fossiele herinner aan Reitz, die geoloog, in *Niggie*, wat gedurig veldwerk doen.

Die rol van die intellektueel op kommando

Celliers was voor die oorlog “Staatsbibliothecaris” (1978: 382). Sy medekommandoede vind dit eers op 2 Junie 1902 uit en weens hul onkunde oor die pos verduidelik hy dit op ’n vereenvoudigde manier aan hulle, “[I]k (heb) 12 000 boeke onder mijn zorg ...” (1978: 382). Na hierdie verduideliking volg die komiese reaksie van die ander: “groote oogen

[worden] opgezet en mij gevraagd of ik al die boeke self gemaak het!” (1978: 382). Celliers se humorsin tree duidelik hier na vore, want hy speel met hul naïwiteit, onkunde, onopgevoedheid en oningeligtheid. Verder word die aansien van Celliers se voormalige pos verlaag deur die eienaardige benamings daarvoor: “[D]aar de naam van mijn betrekking zoo een onbegrijpelijk en bovendien niet uit te spreken mondvul is, heeft men die eenvoudig omgedoopt in *boekhouder*” (1978: 382). Ander dink weer dat hy in ’n “apothek werkzaam ben” (1978: 382). Hulle besluit uiteindelik om na hom te verwys as “geleerde”: “... mij den naam van ‘geleerde’ laten welgevallen, en deze term wordt beschouwd alle mogelijke menschelijke kennis te omvatten” (1978: 382).

Die rol van die intellektueel op kommando word ook in *Niggie* bespreek, wanneer die twee wetenskaplikes, Ben en Reitz lesings moet hou oor hul onderskeie velde. Voor die lesings sê generaal Bergh aan Ben en Reitz, “Gereed om die oningeligtes in te lig?” (2002: 123). Of hy dit spottend of ironies bedoel is onduidelik, maar dié lesings het definitief ’n negatiewe effek op Ben en Reitz se verhouding met die ander kommandoede as gevolg van die evolusiedebat sowel as die “naturellekwessie”.

Ben vertel Reitz voor die lesings dat die meeste mense op kommando waarskynlik nie veel “gevoerde boeke kennis” (p. 124) het nie en dat hulle nie veel begrip moet verwag nie, want die Bybel is die meeste van hulle se “enigste bron van kennis” (p. 124). Hulle is ook albei “teen dié tyd ... bekend met die omvang van vooroordeel en bygeloof op kommando” (p. 124). Selfs met dié wete is hulle eintlik onvoorbereid op die sterkte van die ander se opinies en gelowe.

Celliers vertel verder: “Ik schreef ook nooit een aantekening in mijn boekje op of er naderen een of meer die mij vragen wat ik schrijf, en anderen staan mij met open mond en oogen aan te gapen” (1978: 279). Dié inskrywing is van belang, want dit dui op die psigologiese verskuiwing in die ander strydere se opinie van Celliers as iemand indrukwekkend, nie net ’n perde- en donkie-oppasser nie. Belangriker nog is die feit dat talle mense tydens die Anglo-Boereoorlog dagboeke gehad het en dat hulle moontlik op dié wyse iemand so geleerd soos Celliers se hulp wou betrek by hul eie egodokumente. Hierdie gedurige onderbrekings en aangaping deur sy stompsinnige makkers frustreer Celliers egter tot kookpunt: “Wanneer, o, wanneer zal de tijd daar zijn in ons land dat iemand die schrijven kan niet langer als een wondermensch zal aangestaard worden” (1978: 308). Celliers se geleerdheid kan in verband gebring word met die karakters Ben en Reitz in *Niggie*, waar hulle toesprake lewer oor hulle onderskeie loopbane aan hul oningeligte gehoor met onaangename gevolge.

Aangesien leesmateriaal die enigste wyse is waarop Celliers kan ontsnap uit die werklikheid van oorlog, dood en verveling is dit geensins ’n

verassing dat hy en Isaac (sy swaer) “op een naburige plaats” op ’n vendusie “alleen enkele boeke” (1978: 169) gekoop het en niks anders nie. Die vendusie het bestaan uit die besittings van “drie persone die zich aan de Engelschen hebben overgegeven (“gehands-opt” – volgens een nieuw werkwoord bij ons ontstaan)” (1978: 169). Hier is ’n duidelike voorbeeld van vernuwing in die taal in die vorm van ’n neologisme. In Winterbach se *Niggie* (2002) gebruik sy argaïese taal uit dié periode om die atmosfeer in haar roman te skep van ’n vervloë tydperk in ons geskiedenis. ’n Paar voorbeelde hiervan is: ’n “skeut” brandewyn (p. 7), ’n “katel” (p. 8) en “bulsakke” (p. 8).

Literêre leidrade en raakpunte

Celliers maak ook verwysings na karakters in beroemde tekste soos Faust (1978: 338), ’n karakter wat gebaseer is op Johannes (of Georg) Faust wat werklik gelewe het (1450-1580). “As towenaar en duiwelskunstenaar is hy die sentrale karakter in talle literêre werke, waarvan die meesterwerk van Goethe die bekendste is” (Oberholster 1978: 338). Dié “towenaar en duiwelskunstenaar” kon moontlik as die inspirasie vir Oompie gedien het. Faust word ook in *Niggie* gevind: “In ’n verlate Kakiekamp het ek op ’n kopie van Goethe se Faustus afgekom! Ek het my daarin gewerp met ’n oorgawe waarvoor ek self geskrik het!” (p. 79).

Celliers verwys later na Robinson Crusoe deur sy lewe met dié bekende skipbreukeling s’n te vergelyk. Robinson Crusoe is die bekende karakter uit Daniel Defoe se klassieke teks met dieselfde naam: “[U]it was ineens mijn Robinson Crusoe-leventje langs de rivier” (1978: 102). Robinson Crusoe toon ooreenkomste met die karakter Oompie in *Niggie* wat afgesonder in die klowe woon.

Die boeredigter se liefde vir die letterkunde word duidelik weerspieël in sy opmerking dat hy onverwags op ’n paar “schatten” afkom: “In verlaten winkels en huizen ... delven wij nu en dan onverwachte schatten op, bijvoorbeeld Shakespeare, Schiller, Scribe, Fr. Feuter, Daheim kalenders enz.” (1978: 211). In *Niggie* vind Japie Stilgemoed boeke in “verlate huise en winkels” (p. 55) en dié onderskraag hom weer verder op sy pad. Winterbach verwys na dieselfde plekke as Celliers (“verlate huise en winkels”), maar beskryf ook Japie se beskouing van boeke as kosbaarhede: “Maar nog belangriker as die vrugte was die boeke wat ons op weg gevind het. Dit was soos skatte! Vir my was dit kosbaarder as voedsel – kosbaarder as goud” (p. 56).

Op 12 April 1901 vind Celliers Dante Alighieri se *Inferno* in ’n verlate Kakie-kamp (1978: 233). ’n Paar canto’s is onderstreep: “Not all the gold

that is beneath the moon, or even hath been, of these toil-worn souls might purchase rest for one” (Canto VII: 65-67). Hierdie ontdekking dui duidelik op die feit dat die Engelse soldate ook vermoeid was deur die oorlog en moontlik die nutteloosheid van dié oorlog ervaar het. Dante se *Inferno* kan moontlik verbind word met die sentrale vuurmotief in *Niggie*.

In die roman verwoord Japie die ander kommandoede se ervarings: “Daar was dae waarop die skeiding van huis en haard en geliefdes my dubbel swaar bedruk het” (p. 79). Sy behoefte sluit aan by Celliers s’n, “de onnatuurlijke scheiding zonder taal of tijding van hen die wij liefhebben” (1978: 147), wat gelukkig bevredig word wanneer hy ’n brief van sy vrou ontvang (1978: 255). Japie deel sy besorgdheid: “As ek net kon weet, as ek net die sekerheid kon gehad het dat hulle veilig is, dat ons weer verenig sou wees, sou ek met groter kalmte in die stryd kon volhard” (p. 79; sien ook p. 122).

Ten slotte

Niggie getuig van Winterbach se kreatiewe eksperimentering met die taalmedium, sowel as vernuwing van tematiese materiaal (die 1899-1902 oorlog) wat al begin dreig het om tot leserversadiging te lei, veral binne die kader van die driejarige eeufesherdenking van die oorlog. Sentraal tot dié vernuwende gebruik van materiaal staan Winterbach se kreatiewe aanwending binne ’n totaal andersoortige milieu en tydruimte van Celliers se honderd jaar oue oorlogsdagboek. Uit die jukstaponerende “wrywing” van een tydsgewrig teenoor ’n ander (1901-1902 versus 2001-2002) ontstaan ’n ideologiese onderlaag van ironiese kommentaar op sowel die Suid-Afrika van tóé as van nów.

Verwysings

- Alighieri, Dante
[1316]2003 *The Inferno*, translated by Henry Wadsworth Longfellow. New York: Barnes & Noble.
- Celliers, Jan F.E.
1978 *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. In: Oberholster, A.G. (red.). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
2000 *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. Stellenbosch: Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA).
- Coetzee, Christoffel
1998 *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queillerie.

- Defoe, Daniel
[1972]1998 *Robinson Crusoe*. Oxford, New York: Oxford University Press.
- De Vries, Abraham H.
2004 Swye ontlok steeds vroe. *Beeld*, 7 Mei, p. 6.
- Eco, Umberto
1979 *The Role of the Reader: Explorations in the Semiotics of Texts*. Bloomington & London: Indiana University Press.
- Engelbrecht, Theunis
2004 Akademie gekap oor Hertzogprys: Skrywers eis oop kaarte oor die kriteria van toekenning. *Rapport*, 25 April, p. 20.
- Jenny, Laurent
1982 The Strategy of Form. In: Todorov, Tzvetan (ed.) *French Literary Theory Today: A Reader*, translated by R. Carter. Cambridge: Cambridge University Press.
- John, Philip
2004 Meer dydelikhyt oor die punch en die vis: 'n Vergelyking van *Niggie*, *Daar's vis in die punch* en *Eilande*. *Literator* 25(1): 23-46.
- Kristeva, Julia
1969 *Sémiotiké: Recherches pour une sémanalyse*. Paris: Seuil.
1980 *Desire in Language: A Semiotic Approach to Literature and Art*, translated by Thomas Gora, Alice Jardine & Leon S. Roudiez, edited by Leon S. Roudiez. New York: Columbia University Press.
- Nieuwoudt, Stephanie
2002 Visueel & verbaal. *Plus*, 26 Oktober, p. 4.
- Oberholster, A.G. (red.)
1978 *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Pakendorf, Gunther
2002 Hede word verlede. *Die Burger*, 24 November.
- Pretorius, Fransjohan
[1991]1999 *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Reitz, Deneys
[1929]1932 *Commando: A Boer Journal of the Boer War*. London: Faber & Faber.
- Sleigh, Dan
2002 *Eilande*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steytler, Klaas
2000 *Ons oorlog*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Gorp, Hendrik, Ghesquiere, Rita & Delabastita, Dirk (reds)
1998 *Lexicon van literaire termen*, met medewerking van Jan Flamend. Groningen, Nederland & Deurne, België: Martinus Nijhoff Uitgevers & Wolters Plantyn.
- Van Jaarsveld, F.A.
1962 *Lewende verlede*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Van Vuuren, Helize
2002 Skrywersdagboeke van die Anglo-Boereoorlog. *Stilet* XIII(1): 88-102.

- Venter, L.S.
2002 Winterbach se roman “Niggie” verbeeldingryk. *Beeld*, 16 Desember, p. 7.
- Viljoen, Louise
2003 Die triekster met die verehoedjie. *Insig*, Junie.
Aanlyn: <<http://www.boekwurm.co.za>>.
Toegang op 19 Junie 2004.
- Winterbach, Ingrid
2002 *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Worton, Michael & Still, Judith (eds)
1990 *Intertextuality: Theories and Practices*. Manchester & New York: Manchester University Press.